# Hoofstuk van die dag: Lukas 4

> *Hy het by die koppenent van die bed gaan staan en die koors bestraf. (vers 39)*

Ná Jesus se konfrontasie met Satan in die woestyn het hy Jesus vir ’n tyd lank met rus gelaat (vers 13). Maar Satan verdwyn nie van die toneel nie. Dis asof hy alle moontlike trawante oproep om Jesus se werk in die wiele te ry. Hy sweep die mense

van Nasaret teen Hom op (vers 29); oral duik besetenes op (vers 33 en 41); selfs ’n siekte soos koors word in Satan se hand ’n wapen om Jesus uit te daag, sodat Hy dit bestraf (vers 39). Onder leiding van die Gees (vers 14) is Jesus egter elke keer aan die wenkant.

Die Seun van God se koms na die aarde was vir Satan van die begin af ’n bedreiging, want hy verbeel hom die mense is syne (vers 6). Jesus het gekom om die mensdom uit Satan se greep te bevry. Dáárom die heftige aanvalle op Hom.

Satan kon nie vir Jesus oorwin nie, en nou spits hy hom op Jesus se volgelinge toe (Op 12:17). Jesus het ons hierteen gewaarsku (Joh 15:20; vgl 2 Tim 3:12). Daarom moet ons op ons hoede bly, want hy soek ons bloed (1 Pet 5:8).


## Onlangse Bydraes

- Hagar
- Joh 1:14 en 16 Die Woord het mens geword
- Lot se dogters
- Psalm 103 Die Here is vol liefde en ontferming
- Lot

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X


© Bybelkoerant 2018 – 2026